

**Die redakteurs het *Ben du Toit*
van die *Parlementêre Lessenaar* gevra
om die redaksioneel te skryf.**



Ben du Toit

Kerkspieël - die kerk se vriend of vyand?

Ek weet nie van enige ander kerk in ons land wat op 'n gereelde basis die tipe navorsing van *Kerkspieël* doen nie. Die lofwaardige van *Kerkspieël* is om te verstaan wat die kerklike klimaat oor 'n wye reeks aangeleenthede is.

Die navorsing word hoofsaaklik gedoen aan die hand van 'n meervoudige antwoordkeuse. Die vrae (en sake waaroor dit gaan) het deur die jare deurlopend uitgebrei. Vraekeuses oor dieselfde saak het egter min of meer dieselfde gebly sodat dit dié bepaalde tendense kontinuerend kan aantoon.

Die navorsers doen moeite om die juiste, wetenskaplike vertolking van die gegewens van *Kerkspieël* aan die orde te stel. Dit blyk uit bekendstellingsgeleenthede, asook artikels soos in dié *Kruisgewys*.

Die feit dat die data egter vir enige geïnteresseerde beskikbaar is – dit is nie privaat kerkbesit nie – en daarom ook na eie goeddunke vertolk en gebruik kan word, is iets wat 'n mens laat wonder oor die wysheid van so 'n blootstellende proses. Skiet die kerk homself nie daarmee somtyds in die voet nie? Verskaf ons nie hierdeur “empiriese” skietgoed aan die openbare media om 'n verdere negatiewe beeld van die kerk te help skep nie?

Met vrae wat hoofsaaklik te doen het met kwantitatiewe sake (lidmaattalle, erediensbywoning, dopelinge), sal min fout gevind kan word. Dit is egter in sommige gevalle 'n ander saak met vrae van kwalitatiewe aard. Dan raak die prentjie meer kompleks – en kom die intepretatiewe aspek van diegene wat die vrae beantwoord, sowel as hulle wat die beoordeling doen, in die spel.

Om maar net twee voorbeelde te noem:

- Vanuit die *Kerkspieël 2006* word die volgende gevolgtrekking gemaak: *Interpretasie van die Bybel: 38% van lidmate het 'n meer letterlike interpretasie teenoor 80% van leraars wat met 'n meer historiese interpretasie werk.*

Wat presies beteken dit? Sien ons in hierdie geval 'n “agteruitgang” in die handhawing van die gesag van die Bybel by die 80% predikante teenoor die 38% van lidmate? Is *letterlik* meer verkieslik as *histories*? In sommige kringe binne die Christelike geloof mag dit miskien wel so wees. Meer nog: Wat word presies bedoel met 'n “meer historiese interpretasie?”

Kyk ons in hierdie verband na die amptelike standpunt van die NG Kerk oor Skrif en Skrifinterpretasie (Alg Sin 2004), is dit duidelik dat die kerk se beskouing 'n histories-sensitiewe beskouing ondersteun – en ongetwyfeld, om verstaanbare redes, tot versigtigheid maan vir 'n “letterlike” verstaan en gebruik van die Bybel. Dit is juis in die aard van die gereformeerde beskouing oor die Bybel dat die verrekening van kontekste in die vertolking daarvan 'n baie belangrike hermeneutiese beginsel is. Daarom ondersteun die kerk wetenskaplike vertolkingsbeginsels met die bestudering van die Bybel. Is 'n afname in 'n letterlike Bybelverstaan dus 'n negatiewe tendens in die kerk – alhoewel dit in sommige kringe wél so vertolk sou kon word?

- Nog 'n kwalitatiewe stelling: *Die NG Kerk word nie meer in die gemeenskap geag as 'n rolspeler waarmee rekening gehou moet word nie.* Die waarskynlike uitgangspunt onderliggend hieraan is dat dit 'n positiewe saak is as die kerk wél 'n belangrike rol in die plaaslike gemeenskap speel. Maar is dit noodwendig so?

Word hiermee dalk bedoel die tradisionele rol van die kerk – wat die middelpunt van aktiwiteite in die gemeenskap was, met sterk invloed in die stadsraad, die skoolraad en boerevereniging (lidmate in leiersposisies)? Wat van 'n kerk wat vandag (dikwels ongesiens en ongerekend) betrokke is in gemeenskapsontwikkeling en die herstel van die menswaardigheid van diegene binne armoedekontekste? Dis onwaarskynlik dat die vraagstelling so iets op die oog gehad het.

'n Sterk positiewe waarde by hierdie stelling (“stem beslis saam”) kan die indruk skep dat die kerk se relevansie verminder het. Miskien het dit – maar nie noodwendig omdat dit nie meer betrokke is in die “magstrukture” van die gemeenskap nie ...

Dis maar net twee voorbeelde. Maar dit is hierdie soort voorbeelde wat die oog van die openbare media vang en 'n mens laat wonder of *Kerkspieël*, in terme van die openbare effek wat dit het, die kerk se vriend of vyand is.

Al bring dit selfs diskontinuiteit in die vermoë om tendense aan te toon, sou dit die NG Kerk dalk tóg loon om, net soos wat die konteks waarbinne die kerk funksioneer verander, die navorsingspraktyk ook daarmee te laat tred hou.